INTERNATIONAL UNION OF GEOLOGICAL SCIENCES (IUGS)

"Aardwetenskap vir die Globale Gemeenskap"

Wat is die *IUGS*?

Die *International Union of Geological Sciences (IUGS)* is in 1961 gestig en is een van die wêreld se grootste wetenskaporganisasies. Die *IUGS* moedig internasionale samewerking en deelname in die aardwetenskappe met betrekking tot menslike welvaart aan en is 'n lid van die *International Council for Science (ICSU).* Lidmaatskap is beskikbaar vir lande en vasgestelde gebiede. Die *IUGS* het meer as 100 lidlande wat meer as een miljoen geowetenskaplikes verteenwoordig. Die *IUGS* funksioneer deur taakspesifieke Kommissies, Taakgroepe en Inisiatiewe, asook Samewerkingsprogramme met ander organisasies. Hierdie groepe bestaan uit:

Kommissies:

- Opvoeding, opleiding en tegnologieoordrag in die geowetenskappe *(COGE)*
- Geowetenskap vir omgewingsbeplanning *(GEM)*
- Geskiedenis van die geowetenskappe *(INHIGEO)*
- Bestuur en toepassing van geowetenskapinligting *(CGI)*
- Stratigrafie *(ICS)*
- Tektoniese en strukturele geologie *(TECTASK)*

Samewerkingsprogramme:

- Internasionale litosfeerprogram *(ILP)*
- Geologiese toepassings van afstandtasting *(GARS)*
- Isotope en geochronologie *(TGIG)*
- Internasionale geowetenskapvennootskappe *(IGCP)* (sien onder)
- Internasionale Geowetenskap Kongres *(IGC)* (sien onder)

Taakgroepe:

- Globale geochemiese basislyne *(TGGGB)*
- Globale geowetenskap personeelkorps *(TGGGW)*
- Oorspronggesteentes *(HSTG)*
- Geo-erfenis *(TGG)*
- Globale geowetenskapprofessionalisme *(TGGGP)*

:
Inisiatiewe:

- Forensiese geologie *(IFG)*
- Hulpbronne vir toekomstige geslagte *(RFG)*

Volledige inligting beskikbaar op die *IUGS* webwerf www.iugs.org.

IUGS/UNESCO Internasionale Geowetenskapvennootskap

Die vlagskipprogram wat sedert 1972 deur die *IUGS* en *UNESCO* ondersteun word, bied ondersteuning aan geowetenskaplikes wat deur ekonomiese en politieke hindernisse verhinder word saam te werk aan wêreldwye navorsings- en uitreikprogramme.

Internasionale Geologiese Kongres *(IGC)*

Die vierjaarlikse *IGC*, wat vir die eerste keer in 1878 gehou is, is nou ‘n belangrike gebeurtenis op die aardwetenskapkalender wat die hele veld van geowetenskappe dek. Die *IUGS* is sedert 1961 by hierdie organisasie betrokke en is nou vir die Kongres verantwoordelik. Inligting oor die volgende Kongres wat in 2016 in Kaapstad, Suid-Afrika, gehou gaan word, kan op die *IUGS* webwerf gevind word.

Episodes

Die kwartaallikse nuusbrief van die *IUGS* verskaf nuus oor ontwikkelinge in die geowetenskappe wat van regionale en globale belang is, asook oorspronklike wetenskaplike navorsingsartikels. Huidige en vorige eksemplare kan gratis op www.episodes.co.in of op die *IUGS* webwerf gelees word. Die nuusbrief word in Engels gepubliseer en het tans ‘n IF van ongeveer 1.4. Artikels kan aan die Redakteur verskaf word (kontakbesonderhede volg onder).

Internasionale Stratigrafiese Kaart

Talle subkommissies van die *IUGS International Commission on Stratigraphy* dra by tot gereelde opdaterings van die kaart wat daarop gemik is om internasionale stratigrafiese nomenklatuur te definieer en standardiseer. Die mees onlangse weergawe kan besigtig word op www.stratigraphy.org.

Hoof kontakte

IUGS Sekretariaat	E-pos: secretariat@iugs.org
Dr Fareeduddin, Redakteur van *Episodes*	E-pos: episodes.editor@gmail.com